Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

16 Maart 2022
Nuusbrief No 10

Liewe Ouers,
Ons eerste kwartaal is afgehandel en die vakansie lê voor. Ons aanvanklike reëling was dat ons op 17 Maart om 10:00 sluit, maar die Laerskool sluit reeds om 9:00, daarom kan ouers hul halfdagkinders om 9:00 afhaal, die vakansieskool tree in werking vanaf 9:00.

Ons het gesê dat die Eerste Kwartaal se Inskakelingsverslae 17 Maart uitgedeel word, maar in die lig gesien van die Laerskool wat reeds 9:00 sluit, het ons besluit om die verslae Woensdag 16 Maart uit te deel aangesien heelwat ouers laat weet het hul kinders kom nie 17 Maart skool toe nie. Binne-in u kind se rapportkoevert plaas ons die groepfoto's vir die ouers wat bestellings geplaas het.

Die Waterkaskenades was groot pret, soos wat u van die foto's wat die personeel gestuur het kon aflei. Die kinders het met oorgawe deelgeneem.

OPEDAG 14 MEI 2022
09:00-12:00
Vertel u vriende!

Vorderingsverslae en Oueraand: Donderdag 7 April 2022: 17:00 tot 18:50

- U ontvang vandag u kleuter se Eerste kwartaal se Vorderingsverslag.
- Indien u met u kleuter se onderwyseres in gesprek wil tree moet u asseblief 'n tyd boek op die lyste wat volgende kwartaal in die ingangsportaal opgeplak sal wees.
- Die personeel sal ook laat weet indien hulle dalk 'n afspraak met u wil boek.
- Vanweë die groot hoeveelheid ouers, is afsprake tot **10 minute beperk en vra ons mooi dat ouers by hierdie tye sal hou. Moet asseblief nie in ander ouers se tyd inbeweeg nie, dit maak die Juffrou agter op skedule.** Indien langer gesprekke nodig geag word, sal die klasonderwyseres 'n addisionele afspraak met u maak.

Minute to win it: Gr 00 en Skulpiepret: Gr 000

- Ons kleuters het vandag vir 'n kwartaalafsluiting en temaversterking sommer nog lekker pret gehad en lekker "vakansiespeletjies" gespeel.
- Probeer in die vakansie speletjies speel met die kinders. Dit sorg vir 'n heerlike ontspanne atmosfeer, maar maak ook die kinders bewus van sosiale etiket: Wag vir 'n beurt, speel regverdig, bewusmaking van emosies, speel sonder seermaak, spanwerk, ensovoorts. Kinders leer deur te speel.

Fokus vir die week:

In u kind se vorderingsverslag sal u merk dat lewensvaardighede soos tafelmaniere en toiletroetines 'n belangrike aspek van die kinders se ontwikkeling is.

Hierdie is aspekte wat ons vir die kinders moet aanleer. Kinders weet nie vanself hoe om mooi te eet, stil te sit by 'n tafeltjie of nie hulle kos op die tafel uit te pak nie. Ons as volwassenes moet dit vir hulle aanleer. Gebruik die vakansietyd as 'n gesamentlike leertyd om goeie maniere vas te lê. Daar is baie speletjies wat 'n mens nog met kleuters kan speel om dit vir hulle pret te maak.

Een speletjie wat kinders gewoonlik geniet is wanneer een van hulle beertjies of poppe saam piekniek hou en slegte maniere het, en Mamma vir die beertjie leer wat is goeie maniere. Dit hoef nie 'n morsige spul te wees wanneer kinders eet nie, dit verg net 'n bietjie deursettingsvermoë om dit aan te leer.

Ons kinders vanaf die ouderdomsgroep 3-4 moet al die toilet begin selfstandig gebruik. Kinders moet geleer word om mooi af te vee en klere weer regom aan te trek. Dit is aanvanklik 'n bietjie moeilik, maar met oefening raak dit makliker. Om die toilet te spoel en hande te was is deel van 'n goed geoefende toiletroetine. Ons moet klem lê op higiëne ook. Dit is veral belangrik vir ons 4-5 jarige kleuters wat onafhanklik moet begin funksioneer.

Hoop u het elkeen 'n Geseënde vakansie wat voorlê. Indien u reis, wees asseblief veilig en kom gesond en uitgerus terug skool toe vir die Tweede Kwartaal. Die skool heropen weer op 5 April 2022.

♥PARKIELAND♥GEE♥OM♥VIR♥MEKAAR♥

Vriendelike Parkieland-groete.

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

Waterkaskenades by Parkieland

Swaar dra, al aan die een kant!

Spanwerk kraai koning!

Ons het baie lekker gespeel!